

[PROVISIALE KENNISGEWING NO. 52 VAN 2019]

**MANGAUNG METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT**  
**PROMULGASIE KENNISGEWING**

**Elektrisiteitvoorsiening Verordening**

Aangeneem deur die Raad op Dinsdag, 15 November, 2018

Onder item 84. 1 – 15/11/2018

- 1) Kennis word hiermee gegee in terme van die bepalings van artikel 13 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, dat die Mangaung Munisipaliteit Raad die hersiene Elektrisiteitvoorsiening Verordeninge aangeneem het gedurende die sitting gehou op 15 November 2018.
- 2) Die hersiene Elektrisiteitvoorsiening Verordening is nou van toepassing en afdwingbaar deurgaans die jurisdiksie van die Mangaung Metropolitan Munisipaliteit (MAN) as gevolg van die rasionalisering proses.
- 3) Die Verordeninge word vir die kennisname van die algemene publiek gepubliseer.

Adv. Tankiso Mea

Stadsbestuurder

---

**VERORDENING TEN AANSIEN VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENING**

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1**

**INTERPRETASIE**

1. Woordomsrywings

**HOOFSTUK 2**

## **ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT**

2. Elektrisiteitsvoorsiening
3. Elektrisiteitsvoorsiening by ooreenkoms met uitsluiting van voorafbetaalde meters
4. Aansoek om voorsiening van elektrisiteit
5. Verwerking van aansoeke om voorsiening
6. Deurgangsregte

### **HOOFSTUK 3**

#### **REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE DIENSTEVERSKAFFER**

7. Statutêre Serwituut
8. Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te verrig
9. Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit
10. Lekkasie van elektrisiteit
11. Onderbreking in toevoer
12. Seëls van die diensteverskaffer
13. Voorkoming van peuter met die diensaansluiting of hoofleiding
14. Tydelike afsluiting en her aansluiting
15. Tydelike voorsiening van elektrisiteit
16. Tydelike werk
17. Lasvermindering
18. Medium-en laagspanningskakeltuig en toerusting
19. Substasie-akkommodasie
20. Omsendbriewe
21. Meet van toevoer
22. Akkuraatheid van meting
23. Lees van kredietmeters
24. Voorafbetaalde meter
25. Elektriese kontrakteurs

26. Koste van herstel van skade
27. Nie-aanspreeklikheid van die diensteverskaffer

#### **HOOFSTUK 4**

##### **REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE VERBRUIKER**

28. Onbehoorlike verbruik van elektrisiteit
29. Bedradingsdiagram en spesifikasie
30. Bystandtoevoer
31. Verbruiker se toerusting vir noodbystandstoevoer
32. Verbruiker moet elektrise installasie oprig en in stand hou
33. Fout in elektriese installasie
34. Beeindiging van die verbruik van die toevoer van elektrisiteit
35. Verandering van okkupeerder
36. Diensapparaat
37. Diensaansluiting
38. Meterakkommodasie
39. Lasvereistes
40. Lasbeperkings
41. Toevoer na motors
42. Arbeidsfaktor
43. Beveiliging

#### **HOOFSTUK 5**

##### **VERBODE OPTREDE**

44. Peuter met diensaansluiting of hoofleiding
45. Beveiliging van die Munisipaliteit se hoofleiding
46. Ongemagtigde aansluitings
47. Ongemagtigde heraansluiting
48. Steuring van ander verbruikers se elektriese toerusting
49. Weiering of versuim om inligting te verstrek

50. Weiering van toegang

## HOOFSTUK 6 BETALINGS EN FOOIE

51. Elektrisiteitstariewe en fooie
52. Deposito's
53. Betaling van tariewe
54. Rente op agterstallige rekeninge

## HOOFSTUK 7 ALGEMEEN

55. Betekening van kennisgewing
56. Nakoming van Kennisgewings
57. Beginsels vir die herverkoop van elektrisiteit
58. Misdrywe en strafbepaling
59. Herroeping en wysiging
60. Korttitel en inwerkingtreding

## HOOFSTUK 1 WOORDOMSKRYWINGS

- (1) In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui, het die volgende woorde die volgende betekenis -

**"bewys"** die noodsaaklike element van 'n voorafbetaalde meterstelsel wat gebruik word om inligting oor te dra van 'n verkooppunt vir elektrisiteitskrediet na 'n voorafbetaalde meter en *vice versa*;

**"bystandstoevoer"** beteken 'n alternatiewe toevoer van elektrisiteit wat nie gewoonlik deur die verbruiker verbruik word nie;

**"die Wet"** enige toepaslike wet, proklamasie, ordonnansie, wet van die Parlement of wetsbepaling wat regskrag het;

**"diensaansluiting"** al die kables en toerusting wat nodig is om die hoofleiding by die verbruiker se elektriese installasie aan te sluit by die voorsieningspunt;

**"diensbeveiligingstoestel"** enige sekering of stroombreker wat geïnstalleer word met die doel om die diensteverskaffer se toerusting te beskerm teen oorbelasting of foute wat op die installasie of op die interne diensaansluiting voorkom;

**"diensteverskaffer"** beteken die diensteverskaffer, sy wettige opvolgers en gedelegerdes, of in die geval dat die munisipaliteit 'n diensleweringsooreenkoms aangegaan het met 'n ander persoon of instansie welke die reg gee aan sodanige persoon of instansie om elektrisiteit te voorsien namens die munisipaliteit, dan beteken dit sodanige persoon of instansie;

**"eienaar"** met betrekking tot 'n perseel, die persoon by wie die regstittel daarvan berus; met dien verstande dat –

- (a) in die geval van onroerende eiendom –
  - (i) wat vir 'n tydperk van minstens 30 jaar verhuur word, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan, of
  - (ii) wat voordelig geokkupeer word kragtens 'n serwituut of reg analoog daarmee, die okkupeerder daarvan;
- (b) indien die eienaar soos hierbo omskryf –
  - (i) dood of insolvent is, sy of haar boedel tot voordeel van sy of haar skuldeisers afgestaan het, ingevolge 'n hofbevel onder kuratele geplaas is, of 'n maatskappy is wat gelikwieder of onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon by wie die administrasie van sodanige eiendom berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, of
  - (ii) nie in die Republiek van Suid-Afrika aanwesig is nie, of indien sy of haar adres aan die diensteverskaffer onbekend is, iemand wat as agent of andersins die huurgeld ten opsigte van sodanige eiendom ontvang of geregtig is om dit te ontvang, en
  - (iii) indien die diensteverskaffer nie kan vasstel wie sodanige persoon is nie, word die persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van sodanige eiendom geag die eienaar daarvan te wees met die uitsluiting van die persoon by wie die regstittel daarvan berus;

**"elektriese installasie"** beteken enige masjienerie, in of op enige perseel, gebruik vir die oordrag van elektrisiteit vanaf 'n beheerpunt na 'n verbruikingspunt enige plek op die perseel, insluitend enige artikel wat deel vorm van sodanige installasie ongeag dit deel is van die elektrisiteitskring of nie, maar uitsluitend:

- (a) enige masjienerie van die diensteverskaffer wat deel vorm van die elektrisiteitvoorsiening na die perseel;

- (b) enige masjienerie gebruik vir die oordrag van elektrisiteit waarvan die spanning nie 50 V sal oorskry waar sodanige elektrisiteit nie verkry word van die hoof toevoer van die diensteverskaffer nie;
- (c) enige masjienerie wat elektrisiteit gelei in telekommunikasie, televisie of radio kringe;
- (d) 'n elektrise installasie op 'n voertuig, vaartuig, trein of vliegtuig.

**"elektriese kontrakteur"** 'n persoon wie onderneem om elektriese installasies uit te voer namens enige ander persoon, met uitsluiting van 'n werknemer van sodanige eersgenoemde persoon;

**"elektrisiteitstoevoer"** beteken die toevoer van elektrisiteit deur die diensteverskaffer aan 'n verbruiker deur die elektriese installasie te verbind aan die voorsieningspunt;

**"geakkrediteerde persoon"** 'n persoon wat ingevolge die Installasie Regulasies na gelang van die geval as 'n elektriese toetser vir enkelfase, 'n installasieelektrisiën of 'n meesterinstallasie-elektrisiën, geregistreer is;

**"hoogspanning"** die stel nominale spanningsvlakke wat in kragstelsels vir grootmaattransmissie van elektrisiteit in die omgewing van  $44 \text{ kV} < U_n < 220 \text{ kV}$  gebruik word;

**"hoofleiding"** enige deel van die diensteverskaffer se elektrisiteitsnetwerk;

**"Installasie Regulasies"** beteken die Elektriese Installasie Regulasies soos gepubliseer in die Staatskoerant No R2920 van 23 Oktober 1992;

**"kredietmeter"** 'n meter waar 'n rekening uitgerek word nadat elektrisiteit verbruik is;

**"laagspanning"** die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit en waarvan die boonste perk oor die algemeen aanvaar word as 'n ws-spanning van 1000 V (of 'n gs-spanning van 1500 V);

**"medium spanning"** die stel nominale spanningsvlakke bo laagspanning en benede hoogspanning in die omgewing van  $1 \text{ kV} < U_n < 44 \text{ kV}$ ;

**"meetpunt"** die punt waar die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word en wat by die voorsieningspunt of by enige ander punt op die verspreidingstelsel van die diensteverskaffer of die elektriese installasie van die verbruiker kan wees soos deur die diensteverskaffer of enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer aangedui met dien verstande dat dit alles, en slegs, die verbruiker se verbruik van elektrisiteit meet;

**"meter"** 'n toestel wat die eiendom van die diensteverskaffer is en wat die aanvraag of die elektriese energie wat verbruik word, aandui en dit behels ook konvensionele meters en voorafbetaalde meters;

**"motoraansitstroom"** met betrekking tot wisselstroommotore, die gemiddelde vierkantwortelwaarde van die simmetriese stroom wat deur 'n motor verbruik word wanneer dit aangedryf word volgens die geraamde spanning daarvan met die aansitter in aansitposisie en die rotor gesluit;

**"motorlas totaal aangeskakel"** die somtotaal van die kW-vermoë van al die afsonderlike motore wat by 'n installasie aangesluit is;

**"motorvermoë"** die maksimum aanhoudende kW-lewering van 'n motor soos vermeld op die vervaardiger se kenplaatjie;

**"munisipaliteit"** beteken die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit, ingestel deur Provinsiale Kennisgewing No. 155 van 2016 gepromulfeer in die Provinsiale Koerant van die Vrystaat van 22 Julie 2016, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 12 van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"nakomingsertifikaat"** 'n sertifikaat in die voorgeskrewe format wat ingevolge die Installasie Regulasies ten opsigte van 'n elektriese installasie of gedeelte van 'n elektriese installasie deur 'n geakkrediteerde persoon uitgereik word;

**"NER"** beteken die Nasionale Elektrisiteit Reguleerder soos vervat in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet No. 41 van 1987);

**"NRS047"** beteken die Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie NRS047-1:1999 – vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens Gedeelte 1: Minimum standaarde, soos gewysig van tyd tot tyd;

**"NRS 048"** beteken die Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie NRS 048-1:1996 vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening Gedeelte 1, NRS 048-2: 1996 – elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening Gedeelte 2, NRS 048-3:1998 – elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening Gedeelte 3, NRS 048-4: 1999 – elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening Gedeelte 4, NRS 048-5: 1998 – elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening Gedeelte 5, soos gewysig van tyd tot tyd;

**"NRS 057"** beteken die Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie NRS 057-2.2000 - Meet van elektrisiteit, Gedeelte 2: minimum vereistes, soos gewysig van tyd tot tyd;

**"okkupeerder"** met betrekking tot 'n perseel –

(a) iemand wat sodanige perseel werklik okkupeer;

- (b) iemand wat wetlik daarop geregtig is om sodanige perseel te okkupeer;
- (c) in geval van sodanige perseel wat onderverdeel is en wat aan loseerders of verskillende huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld ontvang wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, hetsy vir sy of haar eie rekening of as agent vir iemand wat daarop geregtig is of belang daarby het, of
- (d) iemand wat by die beheer of bestuur van sodanige perseel betrokke is, en behels ook die agent van sodanige persoon wanneer hy of sy nie in die Republiek aanwesig is, of as sy of haar verblyfplek onbekend is;

**"perseel"** enige grond of enige struktuur bo of benede grondvlak en behels ook enige voertuig, vliegtuig of vaartuig;

**"Regulasies"** die Regulasies opgestel ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), soos gewysig;

**"SANS 10142-1"** beteken die Gebruikskode SANS10142-1/SABS 0142-1:2003 vir die bedrading van persele Gedeelte 1: Laagspanning installasies soos uitgevaardig deur Die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde en soos geinkorporeer in die regulasies en gewysig van tyd tot tyd;

**"SANS 1019"** beteken die Spesifikasie SANS1019/SABS 1019:2001 - Standaardspanning, - stroombane en isolasievlakke vir die toevoer van elektrisiteit soos uitgevaardig deur Die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde en gewysig van tyd tot tyd;

**"SANS1507"** beteken die Spesifikasie SANS1507/SABS:2002 – Elektriese kables met deurgedrukte soliede dielektriese isolasie vir vaste installasies (300/500 V tot 1900/3 300 V), soos uitgegee deur Standaarde Suid-Afrika van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en soos van tyd tot tyd gewysig;

**"spanning"** die gemiddelde vierkantswortelwaarde van elektriese potensiaal tussen twee geleiers;

**"tarief"** die diensteverskaffer se tarief gehef vir die voorsiening van elektrisiteit;

**"toepaslike standaardspesifikasie"** die standaard spesifikasies algemeen aanvaar deur elektrisiteitspraktisyns as die standaard in die elektrisiteitsomgewing;

**"verbruiker"**, met betrekking tot 'n perseel –

- (a) enige okkupeerder daarvan of enige ander persoon met wie die diensteverskaffer ooreengekom het om elektrisiteit daar te voorsien of dit inderdaad daar voorsien; of
- (b) indien sodanige perseel nie bewoon word nie, iemand wat 'n geldige bestaande ooreenkoms met die diensteverskaffer het vir die voorsiening van elektrisiteit aan sodanige perseel, of
- (c) indien daar geen sodanige persoon of okkupeerder is nie, die eienaar van die perseel;



**"verbruikspunt"** beteken enige punt of uitlaat, of die voorsieningsterminale van masjienerie welke nie verbind is aan 'n uitlaatpunt nie en welke elektrisiteit omsit na ander vorms van energie, met dien verstande dat, in die geval van masjienerie wat geïnstalleer is vir enige spesifieke doel as 'n volledige eenheid, die verbruikspunt die voorsieningsterminale wat voorsien is op die eenheid vir masjienerie vir daardie doel, sal wees;

**"voorsieningspunt"** die punt soos bepaal deur die diensteverskaffer of enige ander behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer vanwaar elektrisiteit aan enige perseel deur die diensteverskaffer voorsien word;

**"voorafbetalde meter"** 'n vooruitbetaalmeter wat geprogrammeer kan word om die vloei van hoeveelhede vooruitbetaalde energie in 'n elektriese stroomkring toe te laat;

## HOOFSTUK 2

### ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT

#### 2. ELEKTRISITEITSVOORSIENING

- (1) Slegs die diensteverskaffer mag elektrisiteit voorsien of 'n ooreenkoms aangaan om elektrisiteit binne die regsgebied van die munisipaliteit te voorsien.
- (2) Die diensteverskaffer sal elektrisiteit voorsien onderhewig aan die voorwaardes van die lisensie uitgevaardig aan sodanige diensteverskaffer deur NER en sal verder spesifiek gevolg gee aan die voorwaardes van NRS047, NRS 048, NRS 057, SANS 10142-1, SANS 1019 en SANS 1057. Afskrifte van voorgemelde dokumente is bekombaar vanaf die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard.
- (3) Indien enige verbruiker te enige tyd die vlakke van diensverskaffing van die diensteverskaffer wil nagaan, mag navrae ten aansien van die bepalings van die NRS en SANS dokumentasie direk aan die NER gerig word.

#### 3. VOORSIENING OP GROND VAN 'N OOREENKOMS MET UITSLUITING VAN VOORAFBETAALDE METERS

- (1) Niemand mag elektrisiteitsvoorsiening gebruik of daarop aanspraak maak of elektrisiteit verbruik alvorens hy of sy skriftelik 'n ooreenkoms vir die lewering en verbruik met die diensteverskaffer gesluit het nie, en die ooreenkoms tesame met die bepalings van hierdie verordening bepaal die lewering en verbruik in alle opsigte: met

dien verstande dat persone wat voorafbetaalde elektrisiteit gebruik, nie vereis word om die ooreenkoms soos uiteengesit in hierdie artikel te voltooi nie, maar sal voldoen aan die bepalings van artikel 24 van hierdie verordening.

- (2) Indien iemand elektrisiteitsvoorsiening gebruik sonder om 'n ooreenkoms met die diensteverskaffer aan te gaan, sal die persoon aanspreeklik gehou word vir die koste van die elektrisiteit wat verbruik is.

#### **4. AANSOEK OM VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT**

- (1) Aansoek om die voorsiening van elektrisiteit moet skriftelik deur die voornemende verbruiker op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die kantoor van die diensteverskaffer gedoen word en die installasie se geraamde las in kVA moet op die aansoek vermeld word. Die aansoek moet gerig word so gou as moontlik voor die toevoer verlang word ten einde die werk van die diensteverskaffer te vergemaklik.
- (2) 'n Aansoek om voorsiening van elektrisiteit vir 'n tydperk van minder as een jaar word beskou as 'n aansoek om 'n tydelike voorsiening van elektrisiteit en word oorweeg na goedgeskonde van die diensteverskaffer of sodanige gevolmagtigde verskaffer, welke enige spesiale voorwaardes daar mag stel onderhewig verder aan die bepalings van artikel 15.

#### **5. VERWERKING VAN AANSOEKE OM VOORSIENING**

Aansoeke om die voorsiening van elektrisiteit moet verwerk en die toevoer beskikbaar gestel word binne die tydperke volgens NRS047.

#### **6. DEURGANGSREGTE**

- (1) Die diensteverskaffer kan weier om 'n diensaansluiting bo of onder die grond op te rig of te lê op enige deurgang wat nie onder beheer van die diensteverskaffer is nie of op enige private eiendom, tensy die voornemende verbruiker skriftelike toestemming verkry het vanaf die eienaar van die voormelde private eiendom.
- (2) Indien sodanige toestemming op enige tydperk teruggetrek word of as die private eiendom of deurgang van die eienaar verwissel en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of te laat voortduur moet die koste van enige verandering wat aan die diensaansluiting aangebring moet word ten einde die toevoer van elektrisiteit in stand te hou of te verwyder, deur die verbruiker van die perseel waarna die toevoer voortgesit word, gedra word.

## HOOFSTUK 3

### REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE DIENSTEVERSKAFFER

#### 7. STATUTÊRE SERWITUUT

- (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (3) mag die diensteverskaffer binne sy gebied:
  - (a) elektrisiteitsdienste voorsien, vestig en in stand hou;
  - (b) hoofleiding vir elektrisiteit verkry, oprig, lê, verleng, vergroot omlei, in stand hou, herstel, die verbruik beëindig, sluit en vernietig;
  - (c) enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom en die eienaarskap van enige sodanige hoofleiding bly by die diensteverskaffer;
  - (d) enigiets anders doen wat nodig of wenslik is vir of bykomstig of aanvullend tot of ondergeskik aan enige saak soos bedoel in subparagrafe (a) tot (c).
- (2) Indien die diensteverskaffer enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom wat nie aan die diensteverskaffer behoort of nie deur die diensteverskaffer beheer of bestuur word nie, moet die diensteverskaffer die eienaar volgens ooreenkoms verged of, by afwesigheid van 'n ooreenkoms, soos òf deur arbitrasie òf deur 'n geregshof bepaal.
- (3) Die diensteverskaffer moet, voordat dit begin met enige werk, behalwe herstelwerk of instandhouding aan of in verband met enige toevoervan elektrisiteit, redelike kennis gee aan die eienaar of okkupeerder van die eiendom van die voorgestelde werk en die datum waarop die diensteverskaffer beoog om met sodanige werk te begin.

#### 8. REG VAN TOEGANG OM INSPEKSIE TE DOEN, TE TOETS OF INSTANDHOUDINGSWERK TE VERRIG

- (1) Die diensteverskaffer het, deur middel van sy werknemers, kontrakteurs en hul assistente en adviseurs, toegang tot en oor enige eiendom ten einde:
  - (a) enigiets te doen wat ingevolge hierdie verordening of enige ander wet vereis word;
  - (b) enige dienshoofleiding en enigiets wat daarmee verband hou te inspekteer en te ondersoek;

- (c) ondersoek te doen met betrekking tot enige moontlike bron van toevoer van elektrisiteit of die geskiktheid van onroerende eiendom vir enige skema of onderneming van die diensteverskaffer en om enige sodanige ondersoek na gelang daarvan te doen;
  - (d) vasstel of daar enige oortreding van die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet is of was; en
  - (e) nakoming van die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet af te dwing.
- (2) Die diensteverskaffer moet vergoeding betaal soos ooreengekom aan iemand wat skade gely het as gevolg van die uitoefening van die reg van toegang ingevolge subartikel (1) buiten in gevalle waar die diensteverskaffer gemagtig is om op die betrokke eiendom werk te verrig op die koste van sodanige persoon of enige ander persoon of om sodanige werk te verrig en die koste verbonde te verhaal vanaf sodanige persoon of enige ander persoon soos ooreengekom deur die diensteverskaffer en sodanige persoon of, in die afwesigheid van enige ooreenkoms mag vergoeding bepaal word deur arbitrasie of 'n bevoegde hof.
- (3) 'n Werknemer van die diensteverskaffer mag, indien as sodanig gemagtig deur die diensteverskaffer, deur skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom vereis om toegang te verleen tot sodanige eiendom op die dag en tyd soos versoek, vir doeleindes van subartikel (1).
- (4) Die diensteverskaffer mag toegang tot enige perseel of eiendom verkry sonder kennisgewing en kan enige stappe neem wat nodig is of verlang word volgens die diensteverskaffer se opinie, as gevolg van die ontstaan van oorlog, 'n rampstoestand, noodgeval of noodtoestand.

## **9. REG OM DIE TOEVOER VAN ELEKTRISITEIT AF TE SLUIT**

- (1) Die diensteverskaffer het die reg om die elektrisiteitstoevoer na enige perseel af te sluit waar 'n verbruiker versuim om enige bedrag verskuldig aan die diensteverskaffer te betaal ten opsigte van elektrisiteitsvoorsiening welke sodanige verbruiker te enige tyd mag ontvang het vanaf die diensteverskaffer ten aansien van sodanige perseel, of, waar enige bepaling van hierdie verordening oortree is en die verbruiker versuim om, nadat die diensteverskaffer vir hom of haar 14 (veertien) dae geleentheid gegun het om sodanige versuim reg te stel, of, waar ernstige gevaar of risiko vir persoon of eiendom bestaan indien die toevoer nie afgesluit word nie of kragtens artikel 44 van hierdie verordening, sonder enige kennisgewing. Na afsluiting van elektrisiteitstoevoer weens wanbetaling of vir die onbehoorlike of onveilige gebruik van elektrisiteit sal die tariewe voorgeskryf vir heraansluiting betaalbaar wees.

- (2) Waar enige installasie op 'n perseel onwettig heraangesluit word nadat die diensteverskaffer dit afgesluit het, of waar met die diensteverskaffer se meettoerusting gepeuter is om die volle registrasie van verbruik te voorkom, het die diensteverskaffer die reg om die elektrisiteitstoevoer na die perseel te verwyder.
- (3) Hierdie artikel sal van toepassing wees op voorafbetaalde meters waar enige van die voorskrifte van hierdie verordening oortree word of, in die geval waar daar 'n ernstige gevaar of risiko vir persoon of eiendom bestaan soos bepaal in terme van artikel 44 van hierdie verordening.

## **10. LEKKASIE VAN ELEKTRISITEIT**

Geen karting sal toegestaan word ten opsigte van verlies van elektrisiteit wat te wyte is aan 'n lekkasie of 'n ander fout in die elektriese installasie nie.

## **11. ONDERBREKING IN TOEVOER**

Die diensteverskaffer is nie verplig om aandag te skenk aan 'n onderbreking in die toevoer van elektrisiteit as dit as gevolg van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie is nie, behalwe wanneer sodanige onderbreking te wyte is aan die werking van die diensteverskaffer se diensbeveiligingstoestel. Indien enige onderbreking van die toevoer van elektrisiteit die gevolg is van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie of van die foutiewe werking van die appaarte wat in verband daarmee gebruik word, het die diensteverskaffer die reg om die voorgeskrewe tarief van die verbruiker te verhaal vir elke geval van herstel van die toevoer van elektrisiteit, bykomend tot die koste van die regmaak of herstel van enige skade aan die dienshoofleiding en meter veroorsaak deur sodanige fout of foutiewe werking.

## **12. SEËLS VAN DIE DIENSTEVERSKAFFER**

Die meter, diensbeveiligingstoestelle en alle appaarte wat aan die diensteverskaffer behoort, word deur 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer verseël of gesluit en niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd sodanige seëls of slotte verwyder, breek, skend, daaraan peuter om hom of haar daarmee bemoei nie.

## **13. VOORKOMING VAN PEUTER MET DIE DIENSAANSLUITING OF HOOFLEIDING**

Indien die diensteverskaffer dit benodig of nodig of wenslik agom voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed dat daar aan enige deel van die hoofleiding, dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of meter of meettoerusting gepeuter word, moet die verbruiker óf die nodige beveiligingstoerusting voorsien en installeer, óf die betrokke koste betaal waar sodanige beveiligingstoerusting deur die diensteverskaffer voorsien word.

#### **14. TYDELIKE AFSLUITING EN HERAANSLUITING**

- (1) Die diensteverskaffer moet, op versoek van 'n verbruiker, die toevoer van elektrisiteit na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en dit heraansluit teen betaling van die voorgeskrewe tarief vir elke afsluiting en heraansluiting.
- (2) In gevalle waar dit nodig mag wees vir die diensteverskaffer om die verbruiker se elektrisiteitstoevoer tydelik af te sluit en her aan te sluit en die verbruiker is geensins verantwoordelik vir sodanige vereiste nie, sal die diensteverskaffer afstand doen van enige betaling soos hierintevore na verwys.
- (3) Die diensteverskaffer mag slegs onder buitengewone omstandighede die toevoer van elektrisiteit na enige perseel sonder kennisgewing tydelik afsluit ten einde herstelwerk te doen of toetse uit te voer of vir enige ander regmatige doel. In alle ander gevalle sal kennisgewing geskied.

#### **15. TYDELIKE VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT**

Dit sal 'n voorwaarde vir die verskaffing van enige tydelike voorsiening van elektrisiteit wees, soos omskryf in hierdie verordening, dat, indien sodanige voorsiening gevind word om inbreuk te maak op die doeltreffende en ekonomiese toevoer na ander verbruikers, die diensteverskaffer geregtig is om met kennisgewing, of in buitengewone omstandighede, sonder kennisgewing, sodanige tydelike toevoer te eniger tyd te beëindig en die diensteverskaffer sal nie aanspreeklik wees vir enige skade of verlies wat die verbruiker as gevolg van sodanige beëindiging mag ly nie.

#### **16. TYDELIKE WERK**

Elektriese installasies wat 'n tydelike toevoer van elektrisiteit benodig, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die diensteverskaffer regstreeks of onregstreeks by die hoofleiding aangesluit word nie. Volledige inligting oor die redes vir die aard van sodanige tydelike werk moet die aansoek om die bogemelde toestemming vergesel en die diensteverskaffer mag sodanige toestemming weier of toestaan onderhewig aan sodanige terme en voorwaardes as wat die diensteverskaffer mag verlang.

#### **17. LASVERMINDERING**

- (1) Gedurende tye van spitslas, of in 'n noodgeval, of wanneer dit om enige rede nodig is om die las op die diensteverskaffer se elektrisiteitsvoorsieningstelsel te verminder, kan die diensteverskaffer die toevoer sonder kennisgewing onderbreek vir sodanige

tydperk as wat nodig is en die toevoer van elektrisiteit na enige verbruiker se warmwatersilinder wat deur elektrisiteit verwarm word of na enige spesifieke toestel of die hele installasie beëindig. Die diensteverskaffer is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade wat regstreeks of gevolglik uit sodanige onderbreking en beëindiging van die toevoer van elektrisiteit ontstaan nie.

- (2) Die diensteverskaffer kan sodanige apparaat en toerusting op die perseel van die verbruiker installeer as wat nodig geag word om gevolg te gee aan die bepalings van subartikel (1), en enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer kan op enige redelike tyd enige perseel betree met die doel om sodanige apparaat en toerusting te installeer, te inspekteer, te toets, te verstel of te verander.
- (3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (2) moet die verbruiker of eienaar, na gelang van die geval, wanneer hy of sy 'n watersilinder installeer wat deur elektrisiteit verwarm word, die nodige akkommodasie en bedrading ooreenkomstig die diensteverskaffer se keuse voorsien ten einde die installasie van die apparaat en toerusting soos na verwys in subartikel (2), later te vergemaklik.

## **18. MEDIUM- EN LAAGSPANNINGSKAKELTUIG EN TOERUSTING**

- (1) In die geval van hoë-, medium- of laagspannings elektrisiteitsvoorsiening moet die verbruiker betaal vir die voorsiening en installasie van die skakeltuig, kables en toerusting wat deel van die diensaansluiting uitmaak, tensy dit andersins deur die diensteverskaffer bepaal word.
- (2) In die geval van installering van 'n mediumspanningsaansluiting moet alle toerusting deur 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer goedgekeur word en installeer word deur of onder toesig van enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer.
- (3) Niemand mag aan 'n mediumspanningskakeltuig of toerusting werk sonder die skriftelike toestemming van die diensteverskaffer nie.
- (4) Alle aarding en toetsing van hoë- of mediumspanningstoerusting gekoppel aan die diensteverskaffer se netwerk moet gedoen word deur of onder toesig van 'n werknemer van die diensteverskaffer.
- (5) In die geval van laagspanningsaansluitings moet die verbruiker 'n laagspanningshoofskakelaar of enige ander toerusting vereis deur die diensteverskaffer voorsien en installeer.

## **19. SUBSTASIE-AKKOMMODASIE**

- (1) Die diensteverskaffer mag, onderhewig aan sodanige voorwaardes na goeddunke van die diensteverskaffer of sy behoorlik gevolmagtigde werknemer of diensteverskaffer, van 'n verbruiker vereis om akkommodasie te voorsien en in stand te hou bestaande uit 'n substasie met 'n afsonderlike kamer of kamers uitsluitlik vir die doel om mediumspanningskabels en skakeltuig, transformators, laagspanningskabels en skakeltuig en ander toerusting noodsaaklik vir die voorsiening van elektrisiteit, versoek deur die eienaar, te akkommodeer. Die akkommodasie moet geleë wees by 'n punt met vrye en onbeperkte toegang vir die doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die toerusting verband hou.
- (2) Die diensteverskaffer behou die reg voor om sy eie netwerk te voorsien met sy eie toerusting wat in sodanige akkommodasie geïnstalleer is, en indien die diensteverskaffer bykomende akkommodasie verlang, moet sodanige akkommodasie deur die applikant voorsien word op onkoste van die diensteverskaffer.

## **20. OMSENDBRIEWE**

- (1) Die diensteverskaffer kan van tyd tot tyd omsendbriewe uitstuur waarin besonderhede voorsien word oor die diensteverskaffer se vereistes met betrekking tot sake wat nie spesifiek in die Regulasies of in hierdie verordening bepaal word nie, maar wat nodig is vir die veilige en doeltreffende bedryf en bestuur van elektrisiteitsvoorsiening.

## **21. MEET VAN TOEVOER**

- (1) Ten einde die verbruik van elektrisiteit te meet, moet die diensteverskaffer op koste van die verbruiker meettoerusting met toepaslike vermoë by die meetpuntvoorsien en in stand hou.
- (2) Buiten in die geval van voorafbetaalde meters, word die elektrisiteit wat 'n verbruiker in enige meettydperk verbruik, bepaal deur die meters aan die einde van sodanige tydperk te lees, behalwe waar daar 'n fout in die meettoerusting is of die diensteverskaffer hom beroep op die bepalinge van artikel 25(2) van hierdie verordening, in welke geval die verbruik vir die tydperk geskat word.
- (3) Waar verskillende tariewe gehef word vir die elektrisiteit wat deur 'n verbruiker verbruik word, word die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet.



- (4) Die diensteverskaffer behou die reg voor om die toevoer van elektrisiteit aan blokke winkels en woonstelle, skakelhuisse en soortgelyke geboue te meet vir die geboue as 'n geheel, of vir individuele eenhede, of vir groepe eenhede.
- (5) Geen veranderinge, herstelwerk of toevoegings of elektriese verbindings van enige aard mag aan die voorsieningskant van die meetpunt aangebring word nie, tensy dit skriftelik deur die diensteverskaffer of sy behoorlik gevolmagtigde werknemer gemagtig is nie.

## **22. AKKURAATHEID VAN METING**

- (1) Dit word aanvaar dat 'n meter akkuraat registreer indien daar by die toetsing daarvan ingevolge subartikel (5) hiervan bevind word dat die fout binne die foutgrens is ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies.
- (2) Die diensteverskaffer het die reg om sy meettoerusting te toets. Indien daar by wyse van 'n toets of andersins vasgestel word dat sodanige meettoerusting foutief is, moet die diensteverskaffer –
  - (a) in die geval van 'n kredietmeter, die rekening wat gelewer is aanpas;
  - (b) in die geval van voorafbetaalde meters, 'n rekening lewer as die meter te min geregistreer het of 'n gratis bewys uitreik indien die meter te veel geregistreer het onderhewig aan die bepalings van subartikel (6).
- (3) Die verbruiker is geregtig daarop om teen betaling van die voorgeskrewe tarief die meettoerusting deur die diensteverskaffer te laat toets. Indien daar bevind word dat die meettoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuratheid ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies nie, word 'n aanpassing ingevolge die bepalings van subartikels (2) en (6) gedoen en die terugbetaalbare tarief daarvolgens betaal.
- (4) In geval van 'n geskil het die diensteverskaffer die reg om op die verbruiker se koste die meettoerusting deur 'n goedgekeurde onafhanklike toetsowerheid te laat toets en die resultaat van sodanige toets is afdoende bewys en bindend op albei partye. Indien daar bevind word dat die meettoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuratheid ooreenkomstig die standaardspesifikasies nie, word die bedrag aan die verbruiker terugbetaal.

- (5) Meters word getoets op die wyse soos deur die toepaslike standaardspesifikasies bepaal.
- (6) Wanneer die elektrisiteitsverbruik soos geregistreer op 'n meter ingevolge subartikel (2) of (3) aangepas moet word, word sodanige aanpassing of gegrond op die meter se persentasiefout bepaal deur die toets ingevolge subartikel (5) of op 'n berekening deur die diensteverskaffer gegrond op verbruiksdata in sy besit gedoen. Waar van toepassing, moet rekening gehou word met seisoenale of ander veranderinge wat die verbruik van elektrisiteit kan beïnvloed.
- (7) Wanneer enige aanpassings ingevolge subartikel (6) gemaak word, mag die aanpassing nie 'n tydperk van drie jaar voor die datum waarop bevind is dat die meettoerusting onakkuraat is oorskry nie. Die toepassing van hierdie subartikel verhoed nie die verbruiker om terugbetaling vanaf die diensteverskaffer te eis waar die verbruiker te veel betaal het ten aansien van enige tydperk, tot 'n maksimum van drie jaar, waar die verbruiker sodanige eis kan bewys in die normale regsprosedure nie.
- (8) Waar 'n verbruiker se werklike las in so 'n mate van die aanvanklik geraamde las ingevolge artikel 4(1) verskil dat die diensteverskaffer dit nodig ag om sy meettoerusting te verander of te vervang ten einde by die las aan te pas, dra die verbruiker die koste van sodanige verandering of vervanging.
- (9) (a) Voordat die diensteverskaffer enige opwaartse aanpassing aan enige rekening ingevolge subartikel (6) maak, moet die diensteverskaffer –
  - (i) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldelike waarde van die aanpassing wat gemaak gaan word en die redes daarvoor;
  - (ii) in sodanige kennisgewing voldoende besonderhede voorsien sodat die verbruiker verhoë op grond daarvan kan rig, en
  - (iii) die verbruiker in sodanige kennisgewing versoek om redes, indien enige, skriftelik binne 21 dae of sodanige langer tydperk as wat die diensteverskaffer mag toelaat, te voorsien waarom sy of haar rekening nie aangepas moet word ooreenkomstig die kennisgewing nie.
- (b) Indien die verbruiker versuim om gedurende die tydperk beoog in subartikel 9(a)(iii) enige verhoë te rig, het die diensteverskaffer die reg om die rekening aan te pas volgens die kennisgewing ingevolge subartikel 9(a)(i).

- (c) Die diensteverskaffer sal enige redes voorsien deur die verbruiker ingevolge subartikel 9(a) oorweeg en sal die rekening op die gepaste wyse aanpas indien nodig.
- (d) Indien 'n behoorlik gevolmagtigde amptenaar van die diensteverskaffer, na behoorlike oorweging van die verbruiker se verhoë, besluit dat sodanige verhoë nie 'n behoorlike saak uitmaak welke 'n aanpassing in die geldwaarde soos vasgestel kragtens subartikel (6) nie, sal die diensteverskaffer geregtig wees om die rekening aan te pas dienooreenkomstig die kennisgewing in terme van subartikel 9(a)(i), onderworpe aan die verbruiker se reg om teen die amptenaar se beslissing te appelleer in terme van artikel 62 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet, 2000 (Wet No. 32 van 2000).

### **23. LEES VAN KREDIETMETERS**

- (1) Tensy anders voorgeskryf, word kredietmeters gewoonlik met tussenposes van een maand gelees en die vaste of minimum koste verskuldig ingevolge die tariefstruktuur word dienooreenkomstig bepaal. Die diensteverskaffer is nie verplig om enige aanpassings aan sodanige koste te maak nie.
- (2) Indien die kredietmeter om die een of ander rede nie gelees kan word nie, kan die diensteverskaffer 'n geraamde rekening lewer. Die elektrisiteit verbruik, sal aangepas word in 'n daaropvolgende rekening ten aansien van elektrisiteit daadwerklik verbruik.
- (3) Wanneer 'n verbruiker 'n eiendom ontruim en 'n finale lesing van die meter is onmoontlik, kan 'n geraamde verbruik bepaal word en die finale rekening dienooreenkomstig gelewer word.
- (4) Indien 'n verbruiker 'n spesiale meterlesing verlang, kan dit teen betaling van die voorgeskrewe tarief gedoen word.
- (5) Indien enige berekeningsfout, fout met die lees van die meter of meetfout ontdek word ten opsigte van enige rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, moet die fout in daaropvolgende rekening reggestel word. Enige sodanige regstelling is slegs van toepassing op rekeninge vir 'n tydperk van drie jaar voor die datum waarop die fout in die rekening ontdek is, en is gegrond op die werklike tariewe van toepassing gedurende die tydperk. Die toepassing van hierdie subartikel verhoed nie 'n verbruiker

om oorbetaling terug te is vir enige langer tydperk tot 'n maksimum van drie jaar waar die verbruiker in staat is om sodanige eis in die normale regsprosedure te bewys nie.

## **24. VOORAFBETAALDE METER**

- (1) Enige persoon begerig om 'n voorafbetaalde meter te laat installeer op sy of haar perseel sal skriftelik aansoek doen om sodanige installasie op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die kantoor van die diensteverskaffer. Sodanige installasie sal ten koste van die verbruiker wie aansoek doen geskied. Geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van elektrisiteitskrediet aangebied is, sal by die verkooppunt gedoen word nadat die proses waardeur die voorafbetaalde meterbewys uitgereik word, reeds begin het nie.
- (2) Afskrifte van die bewyse wat vroeër vir die oorplasing van krediet na die voorafbetaalde meter uitgereik is, kan op versoek van die verbruiker beskikbaar gestel word.
- (3) Wanneer 'n verbruiker enige perseel ontruim waar 'n voorafbetaalde meter geïnstalleer is, betaal die diensteverskaffer geen krediet wat in die meter oorbly, aan die verbruiker terug nie.
- (4) Die diensteverskaffer is nie aanspreeklik vir die herstel van krediet wat in die meter verlore gegaan het omdat daar met die voorafbetaalde meter of bewyse gepeuter is nie, of omdat dit verkeerd gebruik of misbruik is of vir enige ander rede van die meters of bewyse nie.
- (5) Indien die verbruiker betaling verskuldig is aan die diensteverskaffer vir elektrisiteit verbruik of vir enige dienste verskaf deur die diensteverskaffer (met insluiting van heffings) of vir enige koste voorheen gehef teen hom of haar in verband met enige dienste gelewer, mag die diensteverskaffer 'n persentasie van die bedrag getender aftrek om die bedrag verskuldig aan die diensteverskaffer te vorder soos uiteengesit in subartikel (1).
- (6) Die diensteverskaffer kan na goeddunke verkopers vir die verkoop van bewyse vir voorafbetaalde meters aanstel en waarborg nie die voortgesette bedryf deur enige verkoper nie.

- (7) Indien enige persoon 'n voorafbetaalde elektrisiteitst meter gebruik sonder om die voorgeskrewe vorm te voltooi sal hy of sy aanspreeklik wees vir die koste van elektrisiteit verbruik soos voorgeskryf in artikel 35 van hierdie verordening.

Waar voorafbetaalde meters geïnstalleer is deur die diensteverskaffer met fondse ontvang vanaf die Nasionale Regering, sal geen aansoekvorm soos na verwys in subartikel (1) voltooi word nie. Dit sal geag word dat die verbruiker aansoek gedoen het vir 'n voorafbetaalde meter en die verordeninge sal mutatis mutandis van toepassing wees in omstandighede waar die voorafbetaalde meters geïnstalleer was deur die diensteverskaffer met fondse ontvang as gawes.

## **25. ELEKTRIESE KONTRAKTEURS**

- (1) Waar daar vir 'n nuwe of verhoogde aansluitings van elektrisiteit by die diensteverskaffer aansoek gedoen word, kan enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer kennisgewing aanvaar van die voltooiing van enige deel van die elektriese installasie waarvan die stroombaan ontwerp toelaat dat die elektriese installasie in duidelik afgebakende afsonderlike gedeeltes verdeel word, en sodanige gedeelte van die elektriese installasie kan geïnspekteer, getoets en by die hoofleiding aangesluit word asof dit 'n volledige installasie is.
- (2) Die ondersoek, toets en inspeksie wat uitgevoer mag word na goeie dunde van die diensteverskaffer of enige behoorlik volmagtige amptenaar van die diensteverskaffer onthef geensins die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon, die verbruiker of huurder, welke een ookal van toepassing, van sy of haar verantwoordelikheid vir enige gebreke in die installasie nie. Sodanige ondersoek, toets en inspeksie mag nie onder enige omstandighede (selfs waar die elektriese installasie aan die hoofleiding verbind is) beskou word as 'n aanduiding of waarborg dat die elektrise installasiewerk behoorlik en met die mees gepaste produkte vir doeleindes van en onderhewig aan hierdie verordening en veiligheidsstandaarde voltooi is nie, en die diensteverskaffer kan nie aanspreeklik gehou word vir enige gebreke of foute in sodanige elektriese installasie nie.
- (3) Die diensteverskaffer kan nie aanspreeklik gehou word vir die werk wat deur 'n elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op die perseel van 'n verbruiker verrig word nie en kan geensins vir enige verlies of skade aanspreeklik gehou word welke gely mag word weens 'n brand of as gevolg van enige ongeluk voortspruitend uit die toestand van die bedrading op die perseel nie.

## **26. KOSTE VAN HERSTEL VAN SKADE**

Die diensteverskaffer mag enige skade wat voortspruit uit 'n oortreding van hierdie verordening herstel of vergoed. Die koste verbonde aan enige sodanige herstel of vergoeding deur die diensteverskaffer wat nodig was as gevolg van sodanige oortreding van hierdie verordening sal verhaal word van die persoon wat strydig met hierdie verordening opgetree het.

## **27. NIE-AANSPREEKLIKHEID VAN DIE DIENSTEVERSKAFFER**

- (1) Die diensteverskaffer sal nie aanspreeklik wees vir enige regstreekse verlies of skade wat deur 'n verbruiker gely of opgedoen word as gevolg van of voortspruitend uit die beëindiging en onderbreking van of enige ander afwyking van die toevoer van elektrisiteit nie, tensy dit deur nalatigheid aan die kant van die diensteverskaffer veroorsaak is.
- (2) Die diensteverskaffer aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of verlies wat mag ontstaan as gevolg van die installasie van 'n elektriese installasie, enige verandering daaraan of voeging daartoe, of welke ontstaan as gevolg van die toestand van die elektriese installasie nie.

## **HOOFSTUK 4**

### **REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE VERBRUIKER**

## **28. ONBEHOORLIKE VERBRUIK VAN ELEKTRISITEIT**

- (1) Indien die diensteverskaffer redelike gronde het om te glo dat 'n verbruiker elektrisiteit vir enige doel of op enige wyse gebruik wat op 'n onbehoorlike en onveilige inmeng of daarop bereken is om op 'n onbehoorlike en onveilige wyse in te meng met die doeltreffende voorsiening van elektrisiteit aan enige verbruiker, kan die diensteverskaffer met of sonder kennisgewing sodanige toevoer afsluit, maar sodanige toevoer moet herstel word sodra die oorsaak van die afsluiting permanent reggestel of verwyder is. Die verbruiker moet die tarief betaal soos deur die diensteverskaffer voorgeskryf vir die afsluiting en aansluiting voor die toevoer van elektrisiteit herstel word, tensy dit bewys kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse verbruik of hanteer het nie.

## **29. BEDRADINGSDIAGRAM EN SPESIFIKASIE**

- (1) Waar meer as een elektriese installasie of toevoer van elektrisiteit van 'n gemeenskaplike hoofleiding verkry word, of meer as een verdeelbord of meter nodig is vir enige gebou of blok geboue, moet die bedradingdiagram asook 'n spesifikasie van die stroombane wat by die hoofskakelaar begin op versoek aan die

diensteverkaffer voorsien word vir goedkeuring voordat daar met installering begin word.

- (2) Waar 'n elektriese installasie voorsien word vanaf 'n substasie wat vanaf hoogspanning transformeer, of vanaf een van die diensteverkaffer se substasies, deur 'n hoofleiding afsonderlike van die algemene verspreidingsstelsel, moet, indien dit vereis word, 'n volledige spesifikasie en tekening van die aanleg wat deur die verbruiker geïnstalleer word, aan die diensteverkaffer vir goedkeuring voorgelê word voordat enige tersaaklike benodighede bestel word.

### **30. BYSTANDTOEVOER**

Geen persoon sal geregtig wees op bystandtoevoer van elektrisiteit vanaf die diensteverkaffer vir enige perseel met 'n afsonderlike bron van toevoer van elektrisiteit sonder die skriftelike toestemming van die diensteverkaffer nie en onderhewig aan sodanige terme en voorwaardes as neergelê deur die diensteverkaffer.

### **31. VERBRUIKER SE TOERUSTING VIR NOODBYSTANDTOEVOER**

- (1) Geen toerusting wat deur 'n verbruiker vir noodbystandtoevoer vir sy of haar eie bedryfsvereistes voorsien is, mag by enige installasie aangesluit word sonder die skriftelike toestemming van die diensteverkaffer nie. 'n Aansoek om sodanige goedkeuring moet skriftelik gerig word en moet 'n volledige spesifikasie van die toerusting en 'n bedradingsdiagram bevat. Die bystandstoerusting moet so ontwerp en geïnstalleer word dat dit onmoontlik is vir die diensteverkaffer se hoofleiding om vanaf die terugvoer van sodanige toerusting bekragtig te word. Die verbruiker is verantwoordelik om sodanige beveiligingstoerusting te voorsien en te installeer.
- (2) Waar 'n verbruiker se toerusting ingevolge 'n spesiale ooreenkoms vir bystandontwikkeling elektries gekoppel word en parallel bedryf word met die diensteverkaffer se hoofleiding, is die verbruiker verantwoordelik om die vereiste sinchroniserings- en beveiligingstoerusting te voorsien, installeer en te onderhou onderworpe aan die goedkeuring van die diensteverkaffer.

### **32. VERBRUIKER MOET ELEKTRIESE INSTALLASIE OPRIG EN IN STAND HOU**

Enige elektriese installasie wat by die hoofleiding aangesluit is of aangesluit gaan word, en enige byvoegings daartoe, moet deur die verbruiker op eie koste voorsien, opgerig en in stand gehou word ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening.

### **33. FOUT IN ELEKTRIESE INSTALLASIE**

- (1) Indien daar enige fout in 'n elektriese installasie ontstaan wat 'n gevaar vir mense, diere of eiendom inhou, moet die verbruiker onmiddellik die elektrisiteitstoevoer afsluit en onverwyld die diensteverskaffer in kennis stel en onmiddellik stappe doen om die fout reg te stel.
- (2) Die diensteverskaffer kan die verbruiker aanspreeklik hou vir enige uitgawes wat ontstaan as gevolg van 'n fout in die elektriese installasie.

### **34. BEEINDIGING VAN DIE VERBRUIK VAN DIE TOEVOER VAN ELEKTRISITEIT**

Wanneer 'n verbruiker die verbruik van die toevoer van elektrisiteit wil beëindig, moet hy of sy ten minste twee volle werksdae skriftelike kennis aan die diensteverskaffer gee by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik sal bly ten aansien van alle betalings verskuldig ten aansien van die tarief vir die toevoer van elektrisiteit tot en met verstryking van twee volle werksdae nadat sodanige kennisgewing gegee is.

### **35. VERANDERING VAN OKKUPEERDER**

- (1) 'n Verbruiker wat enige perseel ontruim, moet die diensteverskaffer minstens twee volle werksdae skriftelike kennis gee van sy of haar voorneme om die verbruik van die toevoer van elektrisiteit te beëindig, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir sodanige toevoer.
- (2) Indien 'n persoon wat die ontruimde perseel oorvat van voornemens is om die verbruik van die elektrisiteitstoevoer voort te sit moet aansoek gedoen word ingevolge die bepalings van artikel 3 of 24 van hierdie verordening en indien hy of sy versuim om binne tien werksdae na okkupasie aansoek te doen vir 'n aansluiting, word die toevoer afgesluit en is hy of sy aanspreeklik vir die verbruik vanaf die datum van okkupasie tot en met afsluiting.
- (3) Waar daar voorafbetaalde meters op persele geïnstalleer is, word iemand wat op daardie tydstip die perseel okkupeer, geag 'n verbruiker te wees en tot tyd en wyl sodanige persoon aansoek doen ingevolge artikel 24 van hierdie verordening, is hy of sy aanspreeklik vir alle bedrae aan die diensteverskaffer verskuldig vir daardie meetpunt asook vir enige uitstaande bedrae ongeag deur wie die skuld opgeloo is.

### **36. DIENSAPPARAAT**



- (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir koste voortspruitend uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, diensbeveiligingstoestel, diensaansluiting of ander apparaat op die perseel, tensy sodanige skade of verlies veroorsaak is deur 'n natuurramp of 'n handeling of versuim deur 'n werknemer van die diensteverskaffer of deur 'n afwyking van die toevoer van elektrisiteit na die perseel.
- (2) Indien die hoofleiding, die dienshoofleiding, meettoerusting of enige ander diensapparaat welke die eiendom van die diensverskaffer is en voorheen gebruik was gedurende 'n tydperk waarin die installasie van die hoofleiding afgesluit was sonder die diensteverskaffer se toestemming verwyder is, of in so 'n mate beskadig is dat heraansluiting gevaarlik is, sal die eienaar of okkupeerder van die perseel aanspreeklik wees vir die herstel of vervanging van sodanige toerusting.
- (3) Waar daar 'n gemeenskaplike meetposisie is, berus die aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) by die eienaar van die perseel.
- (4) Die bedrag verskuldig ingevolge subartikel (1) word bewys deur 'n sertifikaat van die diensteverskaffer wat finaal en bindend is.

### **37. DIENSAANSLUITING**

- (1) Die verbruiker dra die koste van die diensaansluiting soos deur die diensteverskaffer goedgekeur.
- (2) Nieteenstaande die feit dat die verbruiker die koste dra van die diensaansluiting wat deur die diensteverskaffer gelê of opgerig word, berus die eienaarskap daarvan by die diensteverskaffer wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sodanige diensaansluiting tot by die voorsieningspunt. Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die diensteverskaffer ten opsigte van sodanige diensaansluiting nie.
- (3) Die werk wat deur die diensteverskaffer op die verbruiker se koste gedoen word ten opsigte van 'n diensaansluiting op die verbruiker se perseel, word deur die diensteverskaffer bepaal.
- (4) 'n Diensaansluiting word ondergronds gelê ongeag of die hoofleiding ondergronds gelê of bogronds opgerig word tensy 'n bogrondse diensaansluiting spesifiek deur die diensteverskaffer vereis word.
- (5) Die verbruiker moet op sy of haar perseel sodanige leibane, bedradingskanale, vore, hegstukke en vry ruimte vir die bogrondse hoofleiding voorsien, vassit of in stand hou soos wat deur die diensteverskaffer vir die installasie van die diensaansluiting vereis word.
- (6) Die geleier wat vir die diensaansluiting gebruik word, moet 'n deursneeoppervlakte ooreenkomstig die grootte van die elektriese toevoer hê, maar mag nie minder as 10

mm<sup>2</sup> (koper of koperekwivalent) wees nie, en al die geleiers moet dieselfde deursnee oppervlakte hê tensy andersins deur die diensteverskaffer of 'n gevolgmagtigde amptenaar van die diensteverskaffer goedgekeur.

- (7) Tensy andersins goedgekeur, voorsien die diensteverskaffer slegs een diensaansluiting na elke geregistreerde erf. Vir elke twee of meer erwe wat aan een eienaar behoort en op aangrensende erwe geleë is, mag 'n enkele grootmaatvoer van elektrisiteit voorsien word op voorwaarde dat die erwe gekonsolideer word.
- (8) Bedekking op 'n bedradingskanaal wat die toevoerstroombane van die voorsieningspunt na die meettoerusting dra, moet voorsiening maak vir verseëling deur die diensteverskaffer.
- (9) Binne 'n meterkas moet die diensgeleier of kabel, na gelang van die geval, in 'n opsigtelike posisie eindig, en die hele lengte van die geleiers moet sigbaar wees as die dekplate, indien dit aanwesig is, verwyder word.
- (10) In die geval van blokke geboue wat deur 'n aantal individuele verbruikers geokkupeer word, moet afsonderlike bedradingskanale en geleiers of kables van die gemeenskaplike meetkamer of kamers na elke individuele verbruiker in die blokke geboue geïnstalleer word; alternatiewelik, indien hoofleibane gebruik word, moet die geleiers van individuele stroombane duidelik (elke 1,5 m saamgebind) vir die hele lengte aangedui word.

### **38. METERAKKOMMODASIE**

- (1) 'n Verbruiker moet, indien so vereis deur die diensteverskaffer of enige gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer, akkommodasie op 'n goedgekeurde plek vir die meterbord, en voldoende geleiers vir die diensteverskaffer se meettoerusting, diensapparaat en beveiligingstoestelle voorsien. Sodanige akkommodasie moet deur die verbruiker voorsien en in stand gehou word onderhewing aan die goedkeuring van die diensteverskaffer en op onkoste van die verbruiker soos vereis in die omstandighede en moet in die geval van kredietmeters op 'n plek geleë wees waartoe onbelemmerde toegang gedurende redelike tye vir die lees van meters is en te alle tye vir doeleindes wat verband hou met die bedryf en instandhouding van die dienstoerusting. Toegang vir die inspeksie van voorafbetaalde meters moet ten alle redelike tye verleen word.
- (2) Waar sub-meettoerusting geïnstalleer word, moet akkommodasie afsonderlik van die diensteverskaffer se meettoerusting voorsien word.
- (3) Die verbruiker of, in die geval van 'n algemene meter, die eienaar van die perseel, moet voldoende elektriese verligting voorsien in die ruimte waar die meettoerusting en diensapparaat geakkommodeer word.

- (4) Wanneer die ligging van die meter, diensaansluiting of beveiligingstoestelle of hoofverspreidingpaneel nie maklik bereikbaar is nie, of 'n bron van gevaar vir lewe of eiendom is of op enige wyse onvanpas is, moet die verbruiker dit op eie koste na 'n nuwe posisie verskuif.
- (5) Die akkommodasie vir die diensteverskaffer se meettoerusting mag slegs die diensteverskaffer se toerusting bevat. Geen aparate anders as die wat gebruik word in verband met die toevoer van elektrisiteit en verbruik van elektrisiteit mag geïnstalleer word of geberg word in sodanige akkommodasie nie.

### **39. LASVEREISTES**

- (1) Wisselstroomtoevoer word ingevolge die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987) oorsien en as daar nie 'n ooreenkoms oor gehaltetoevoer aangegaan is nie, ooreenkomstig 'n toepaslike standaardspesifikasie.

### **40. LASBEPERKINGS**

- (1) Waar die geraamde las, bereken ingevolge die veiligheidstandaard, nie 15 kVA oorskry nie, moet die elektriese installasie ingerig word vir 'n dubbelgeleier enkelfase toevoer van elektrisiteit, tensy dit andersins deur die diensteverskaffer of sy behoorlik gemagtigde amptenaar goedgekeur word.
- (2) Waar 'n driefase viergeleier toevoer van elektrisiteit voorsien word, moet die las min of meer gebalanseer word oor die drie fases, maar die maksimum ongebalanseerde las mag nie 15 kVA oorskry nie, tensy dit deur die diensteverskaffer of sy behoorlik gemagtigde amptenaar goedgekeur word.
- (3) Geen toestel wat 'n stroom verbruik, inherent enkelfasig van aard is en 'n aanslag het wat 15 kVA oorskry, mag by die elektriese installasie aangesluit word sonder goedkeuring van die diensteverskaffer nie.

### **41. TOEVOER NA MOTORS**

Tensy anders goedgekeur deur die diensteverskaffer word die aangeslane vermoë van motors soos volg beperk:

- (1) Beperkte grootte van laagspanningmotors

Die aangeslane vermoë van 'n laagspanning enkelfase motor word tot 2kW beperk of die aanskakelstroom mag nie 70 A oorskry nie. Alle motors wat hierdie perke oorskry, moet geskik wees vir drie fase werking teen laagspanning of sodanige hoër spanning as wat vereis word.

(2) Maksimum aanskakel- en versnelstrome van driefase wisselstroommotors-

Die aanskakelstrome van driefase laagspanningmotors wat toegelaat word, hou verband met die kapasiteit van die verbruiker se diensaansluiting verband as volg:

Grootte van geïsoleerde dienskabel, grootte in mm <sup>2</sup> , koperekwivalent mm <sup>2</sup>	Maksimum toelaatbare aanskakelstroom  A	Maksimum motoraanslag in kW		
		Direk op die lyn (6 x volle lasstroom)	Ster/Delta (2,5 x volle lasstroom)	Ander beheerstelsels (1,5 x volle lasstroom)
		kW	kW	kW
16	72	6	13,5	23
25	95	7,5	18	30
35	115	9	22	36,5
50	135	10	25	45
70	165	13	31	55
95	200	16	38	67
120	230	18	46	77
150	260	20	52	87

(3) Verbruikers met mediumspanningaansluitings-

Die aanskakelstroom van 'n mediumspanningmotor word tot 1,5 keer die aangeslane vollasstroom van die transformator wat sodanige motor voorsien, beperk. Die beheerstelsel van mediumspanningmotors moet deur die diensteverskaffer goedgekeur word.

## 42. ARBEIDSAKTOR

- (1) Indien vereis deur die diensteverskaffer, moet die arbeidsfaktor van enige las binne die perke van 0,85 nalopend en 0,9975 voorlopend gehandhaaf word.
- (2) Waar dit ingevolge subartikel (1) vereis word om toerusting vir arbeidsfaktorverbetering te installeer, moet die verbruiker wie vir sodanige installering wil doen eers die skriftelike goedkeuring van die diensteverskaffer verkry deur op die voorgeskrewe vorm aansoek te doen. Sodanige verbeteringstoerusting sal,

onderhewig aan sub-artikel (3), by die individuele aansluitingpunte gekoppel word, tensy die verbetering van die arbeidsfaktor outomaties beheer word.

- (3) Die toerusting vir die verbetering van die arbeidsfaktor moet bestaan uit en van die nodige filtreerders soos deur die diensteverskaffer voorgeskryf.
- (4) Die diensteverskaffer sal op onkoste van die verbruiker sodanige verbeteringstoerusting installeer.
- (5) Die diensteverskaffer mag die las beheer deur middle van 'n hoë frekwensie (425/1050Hz).

#### **43. BEVEILIGING**

Elektriese beveiligingstoestelle vir motors moet so ontwerp word dat dit op 'n doeltreffende wyse volgehoue oorstrom en enkelfasewerking voorkom waar toepaslik.

### **HOOFSTUK 5**

#### **44. PEUTER MET DIENSAANSLUITING OF HOOFLEIDING**

- (1) Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd met enige meter, meettoerusting of dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of hoofleiding van die diensteverskaffer peuter of daarmee inmeng nie.
- (2) Waar prima facie-bewys bestaan dat 'n verbruiker of iemand subartikel (1) oortree het, het die diensteverskaffer die reg om die toevoer van elektrisiteit onmiddellik te staak en sonder enige kennisgewing aan die verbruiker. Die persoon sal aanspreeklik gehou word vir alle fooie en koste gehef deur die diensteverskaffer ten aansien van sodanige afsluiting van elektrisiteit.
- (3) Waar 'n verbruiker of iemand subartikel (1) oortree en sodanige oortreding lei daartoe dat die meter minder verbruik as die regte verbruik registreer, het die diensteverskaffer die reg om die volle koste van sy of haar geraamde verbruik van die verbruiker te verhaal.

#### **45. BEVEILIGING VAN DIE MUNISIPALITEIT SE HOOFLEIDING**

- (1) Niemand mag, behalwe met die diensteverskaffer se goedkeuring en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê is, -
  - (a) enige konstruksie oprig of lê of die oprigting of lê van enige gebou, struktuur of ander voorwerp toelaat, of bome en ander plantegroei oor of in sodanige posisie of op sodanige manier plant dat dit sal inmeng met die hoofleiding of dit bedreig nie;

- (b) enige deel van die hoofleiding uitgrawe, oopmaak of die grond bo, langsaan, onder of naby dit verwyder nie;
  - (c) enige deel van die hoofleiding beskadig, bedreig, verwyder of vernietig nie;
  - (d) enige ongemagtigde aansluiting aan enige deel van die hoofleiding maak of elektrisiteit daarvandaan omlei of veroorsaak dat dit omlei word nie;
  - (e) 'n Eienaar of okkupeerder moet die hoogte van die bome of die lengte van die takke wat uitsteek naby boggrondse lyne beperk om te verhoed dat die boom met die geleiers inmeng as die boom omval of 'n tak breek of 'n tak afgesny word. Indien 'n eienaar of okkupeerder versuim om hierdie bepaling na te kom, het die diensteverskaffer die reg, na skriftelike kennisgewing, of te eniger tyd in 'n noodgeval, om die bome of ander plantegroei af te sny of te snoei op so 'n wyse soos beoog in hierdie bepaling, en sal geregtig wees om die eiendom vir hierdie doel te betree.
- (2) Die diensteverskaffer mag, onderworpe aan die verkryging van 'n hofbevel, enige gebou, struktuur of enige ander voorwerp wat strydig met hierdie verordening gebou, opgerig of gelê is, afbreek, verander of op enige ander wyse daarmee handel.
- (3) Die diensteverskaffer mag in 'n noodgeval of ramp enigiets verwyder wat enige deel van die elektrisiteitsverspreidingsstelsel beskadig, belemmer of bedreig of wat dit waarskynlik kan beskadig, belemmer, bedreig of vernietig.

#### **46. ONGEMAGTIGDE AANSLUITINGS**

Niemand behalwe 'n persoon wat skriftelik deur die diensteverskaffer daartoe gemagtig is mag regstreeks of onregstreeks enige elektriese installasie of deel daarvan by die hoofleiding of diensaansluiting aansluit, probeer aansluit of sodanige aansluiting veroorsaak of toelaat nie.

#### **47. ONGEMAGTIGDE HERAANSLUITING**

- (1) Niemand behalwe 'n persoon wat skriftelik deur die diensteverskaffer daartoe gemagtig is, mag enige elektriese installasie of installasies wat deur die diensteverskaffer afgesluit is, by die hoofleiding of diensaansluiting heraansluit, probeer heraansluit of sodanige heraansluiting veroorsaak of toelaat nie.
- (2) Waar die toevoer van elektrisiteit wat voorheen deur die diensteverskaffer afgesluit is, weer aangesluit is, is die verbruiker wat die toevoer van elektrisiteit verbruik, aanspreeklik vir alle koste van die elektrisiteitsverbruik vanaf die datum van afsluiting tot die datum waarop gevind is dat die toevoer heraangesluit is, en ook vir enige ander koste wat in dié verband aangegaan is. Die diensteverskaffer behou verder die reg om enige deel van of al die aansluitingstoerusting te verwyder tot tyd en wyl volle betaling

ontvang is en die verbruiker is benewens dit ook verantwoordelik vir die koste wat met die herstel van sodanige aansluitingstoerusting gepaardgaan.

- (3) Hierdie artikel is ook van toepassing op verbruikers wat van voorafbetaalde elektrisiteit gebruik maak.

#### **48. STEURING VAN ANDER VERBRUIKERS SE ELEKTRIESE TOERUSTING**

- (1) Niemand mag elektriese toerusting bedryf wat laseienskappe het wat individueel of gesamentlik tot spanningvariasie, bofrekwensiestrome of spannings, of ongebalanseerde fasestrome wat buite die toepaslike standaardspesifikasies val, nie.
- (2) Die evaluering van die steuring van ander verbruikers se elektriese toerusting word deur middel van metings by die algemene koppelpunt gedoen.
- (3) Indien onbehoorlike afwykings wel plaasvind, moet die verbruiker op sy of haar eie koste die nodige toerusting installeer om die afwykings te filtreer en te verhoed dat dit die hoofleiding bereik.

#### **49. WEIERING OF VERSUIM OM INLIGTING TE VERSTREK**

Niemand mag weier of versuim om inligting te verstrek wat 'n gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer redelikerwys van hom of haar verlang nie, of vals inligting verstrek insake enige installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

#### **50. WEIERING VAN TOEGANG**

Niemand mag enige gemagtigde amptenaar van die diensteverskaffer in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening opsetlik hinder, belemmer of toegang weier nie.

### **HOOFSTUK 6 BETALINGS EN FOOIE**

#### **51. ELEKTRISITEITSTARIEWE EN FOOIE**

Afskrifte of informasie van tariewe is by die diensteverskaffer se kantore verkrygbaar.

#### **52. DEPOSITO'S**

Die diensteverskaffer sal vereis dat die verbruiker 'n bedrag geld betaal of 'n bankwaarborg voorsien wat dien as sekuriteit vir die betaling van enige tarief wat aan die diensteverskaffer betaalbaar is of betaalbaar mag word. Die bedrag van die deposito ten aansien van elke elektriese installasie sal deur die diensteverskaffer bepaal word en elke sodanige deposito

mag vermeerder word indien die diensteverskaffer die deposito reeds gehou as onvoldoende beskou. Sodanige deposito san nie geag word as betaling te wees of gedeeltelike betaling te wees van enige rekening verskuldig vir die toevoer van elektrisiteit vir doeleindes om enige afslag te kry soos vervat in die elektrisiteitstarief na verwys in hierdie verordening nie. By oordrag van die toevoer van die elektrisiteit sal die bedrag van sodanige deposito, vry van enige rente met aftrekking van enige betalings verskuldig aan die diensteverskaffer aan die verbruiker terugbetaal word.

### **53. BETALING VAN TARIIEWE**

- (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle tariewe soos bepaal ingevolge die diensteverskaffer se voorgeskrewe tariewelys en goedgekeur deur die diensteverskaffer. 'n Afskrif van sodanige tariewelys kan vanaf die diensteverskaffer verkry word.
- (2) Alle rekeninge sal geag word betaalbaar te wees sodra dit uitgereik word deur die diensteverskaffer en elke rekening sal, op sigwaarde, die betaaldatum en 'n waarskuwing welke aandui dat die toevoer van elektrisiteit afgesluit mag word indien die fooie ten aansien van sodanige toevoer onbetaald sou bly na die betaaldatum verstryk het.
- (3) 'n Fout of uitlating in enige rekening of gebrek om 'n rekening te lewer sal nie die verbruiker onthef van sy plig om die regte bedrag te betaal ten aansien van die elektrisiteit aan die perseel verskaf nie, en die bewyslas sal op die verbruiker wees om homself of haarself te vergewis dat die rekening gelewer, volgens die voorgeskrewe tariewe of heffings ten aansien van elektrisiteitstoevoer tot die perseel is.
- (4) Niemand mag enige gemagtige amptenaar of volmagtigde agent van die diensteverskaffer verhoed, verhinder of inmeng gedurende sodanige amptenaar of agent se besoek tot die perseel om die toevoer van elektrisiteit af te sluit onderhewig aan subartikel (2) nie. Afgesien van oortreding van hierdie subartikel, sal 'n persoon wat as sodanig verhoed, verhinder of inmeng aanspreeklik wees om die voorgeskrewe tariewe vir elke besoek nodig vir doeleindes van sodanige afsluiting.
- (5) Na afsluiting as gevolg van nie-betaling van 'n rekening, sal die voorgeskrewe tariewe en enige verskuldigde bedrae ten aansien van die verbruik van elektrisiteit betaal word voordat sodanige toevoer herstel sal word.

### **54. RENTE OP AGTERSTALLIGE REKENINGE**

Die diensteverskaffer kan rente hef op agterstallige rekeninge wat nie betaal is teen die betaaldatum aangedui op die rekening nie, teen 'n rentekoers soos goedgekeur deur die diensteverskaffer van tyd tot tyd.



## ALGEMEEN

### 55. BETEKENING VAN KENNISGEWING

- (1) Enige kennisgewing of ander dokument word geag beteken te wees wanneer dit-
  - (a) persoonlik by daardie persoon afgelewer is;
  - (b) by daardie persoon se woonplek of sakeonderneming in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar is;
  - (c) per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woonadres of sakeadres in die Republiek gepos is en 'n erkenning dat dit gepos is van die posdiens verkry is;
  - (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken word op 'n manier bepaal in paragrawe (a), (b) of (c); of
  - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek gepos is op die eiendom of perseel waarmee dit verband hou.
- (2) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig of beteken word op die eienaar, okkupeerder of houer van enige eiendom of regte in enige eiendom, is dit voldoende indien daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, okkupeerder of houer van die eiendom of betrokke reg, en is dit nie nodig om daardie persoon se naam te verstrek nie.
- (3) Enige regsproses is doeltreffend en voldoende aan die diensteverskaffer beteken as dit by die munisipale bestuurder se kantoor afgelewer word of by 'n persoon wat by die munisipale bestuurder se kantoor beskikbaar is.

### 56. NAKOMING VAN KENNISGEWINGS

Enige persoon aan wie 'n kennisgewing wat behoorlik uitgereik of gegee is ingevolge hierdie verordening, moet die bepalings daarvan binne die tydperk wat daarin vermeld word, nakom.

### 57. BEGINSELS VIR DIE HERVERKOOP VAN ELEKTRISITEIT

- (1) Tensy skriftelik deur die diensteverskaffer gemagtig, mag niemand elektrisiteit wat aan sy of haar perseel voorsien word, aan enige ander persoon verkoop of voorsien vir verbruik op ander persele nie, of toelaat of duld dat sodanige herverkoop of voorsiening plaasvind nie. As elektrisiteit herverkoop word vir verbruik op dieselfde perseel, moet die elektrisiteit gemeet word deur 'n submeter van die soort wat voldoen aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde en voorsien, geïnstalleer en

geprogrammeer word ooreenkomstig die diensteverskaffer se standaardde.

- (2) Die tariewe waarteen en die verkoopvoorwaardes ingevolge waarvan die elektrisiteit herverkoop word, mag nie minder gunstig vir die koper wees as dit wat betaalbaar en van toepassing sou wees indien die diensteverskaffer elektrisiteit direk aan die koper sou voorsien nie. Elke herverkoper moet aan die koper maandelikse state voorsien wat ten minste net soveel besonderhede bevat as die tersaaklike besonderhede oor rekeninginligting wat die diensteverskaffer aan sy elektrisiteitverbruikers voorsien.

## **58. MISDRYWE EN STRAFBEPALING**

- (1) Enige iemand wat enige van die bepalings van hierdie verordening oortree, of versuim om te voldoen aan enige van die bepalings van hierdie verordening, pleeg 'n misdryf en kan by skuldigbevinding 'n boete, wat nie die bedrag van R60 000.00 sal oorskry nie, of gevangenisstraf opgelê word vir 'n maksimum tydperk nie meer as drie jaar nie, of sodanige boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf as wat deur die Minister van Justisie bepaal mag word van tyd tot tyd onderworpe aan die bepalings van artikel 92 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944).
- (2) Enige uitgawe deur die Raad aangegaan as gevolg van sodanige oortreding van hierdie verordening of in die uitvoer van enige iets wat 'n persoon verhoed is om te doen in terme van hierdie verordening en welke hy of sy versuim het om aan te voldoen, mag verhaal word deur die Raad vanaf die persoon wie sodanige misdryf gepleeg het of versuim het om aan sodanige bepaling te voldoen.
- (3) Enige persoon wie voortgaan om 'n misdryf te pleeg nadat kennisgewing op hom of haar beteken is om sodanige oortreding te staak of nadat hy of sy skuldig bevind is aan sodanige oortreding is skuldig aan 'n voortgesette misdryf.
- (4) Enige persoon wie, na skuldigbevinding in terme van hierdie verordening, aanhou met die gedrag of versuim welke die misdryf veroorsaak het, sal skuldig wees aan 'n misdryf en aanspreeklik wees vir 'n boete van minstens R200.00 per dag vir elke opvolgende dag dat die misdryf voortduur.

## **59. HERROEPING EN WYSIGING**

- (1) Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die munisipaliteit of deur enigeen van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep in soverre hulle betrekking het op elektrisiteitsvoorsiening.
- (2) Die Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge van die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit, soos gepromulfeer in Provinsiale Kennisgewing No 110 van 28 Oktober 2005 soos gewysig deur die Plaaslike Regeringskennisgewing No. 34 van 24 Junie 2016 en verder hierdeur gewysig.

## **60. KORT TITEL EN INWERKINGTREDING**

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.